

## **HUISVESTING-AANBOD EN -REËLS**

### **1. Prosedures en reëls oor die handhawing van orde**

- 1.1 Die handhawing van die koshuis- en huisvestingreëls berus eerstens by die betrokke inwonende hoof van die koshuis of studentehuis, die hoofstudent en die huiskomitee. Die ander inwoners moet hierdie ampsdraers bystaan.
- 1.2 Die inwonende hoof of PSO-koördineerder moet die huisreëls (interne huisreëls, d.w.s. ook vir ander soorte residensiële omgewings soos klusters, woonstelle en huise) en enige wysigings daaraan aan die Direkteur: SSG voorlê.
- 1.3 Die huiskomitee is daarvoor verantwoordelik om die reëls en regulasies van die Universiteit, die koshuisreëls, die huisvestingreëls en die reëls van die betrokke kluster of huis te handhaaf.
- 1.4 Die inwonende hoof is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat slegs studente wat deur die Koshuisplasingkantoor in die betrokke koshuis geplaas is, daar inwoon.

### **2. Prosedures en reëls oor die huisvesting-aanbod**

- 2.1 Alle huisvesting in 'n US-koshuis, -woonstel of -huis word vir 'n volle akademiese jaar toegeken, onderhewig aan die bepalings rakende die ontruiming van koshuiskamers en Universiteitshuise gedurende sekere vakansies en tweederondte-eksamens. Verblyfgeld sluit die Junie/Julie- en Desember/Januarie-resestyd uit (lees by 2.3 hier onder).
- 2.2 Huisvesting in 'n US-koshuis impliseer besetting van die toegewese kamer soos die Universiteit van tyd tot tyd in die loop van die jaar mag bepaal, buiten gedurende sekere vakansies.
- 2.3 Die Universiteit behou die reg voor om tydens sekere vakansies die kamers te benut om ander persone te huisves.
- 2.4 Persone van buite (d.w.s. wat nie studente is wat vir die betrokke jaar in die betrokke koshuis geplaas is nie) mag nie gedurende die akademiese jaar in die koshuis oorslaap sonder die inwonende hoof se toestemming nie.
- 2.5 Dit is streng verbode om wapens aan te hou, en enige inwoner wat met 'n wapen betrap word, sal onmiddellik uit die koshuis geskors word.
- 2.6 Geen dier mag in US-huisvesting aangehou word nie. Alle diere sal onmiddellik verwyder en aan die plaaslike DBV oorhandig word.

### **3. Prosedure en reëls oor skade aan fasiliteite en infrastruktuur**

- 3.1 Inwoners en/of hulle gaste sal finansiëel aanspreeklik gehou word vir enige skade wat hulle in 'n koshuis aanrig. Hulle is ook verantwoordelik vir die toestand van die kamers wat hulle beset sowel as die meubels en toerusting daarbinne, en sal aanspreeklik wees vir enige skade wat veroorsaak mag word deur hulle óf ander mense, of deur toestelle wat hulle óf ander mense gebruik.
  - 3.1.1 Alle vergoeding wat betaalbaar is vir skade wat deur ('n) student(e) in 'n

Universiteitskoshuis aangerig is, kan óf in 'n enkelbedrag óf in paaiemente teen die betrokke(n)s se studenterekening gehef word soos deur die Afdeling Finansies in oorleg met die student bepaal.

- 3.1.2 Enige skade wat nie aan ('n) spesifieke student(e) toegeskryf kan word nie (ongeïdentifiseerde skade) word by die koshuis se huisfonds afgetrek.
- 3.2 Die Universiteit, die US Raad en US-personeel is nie vir verlies van of skade aan die persoonlike eiendom van koshuisinwoners aanspreeklik nie. Inwoners moet self sorg dat hulle eiendom voldoende verseker is. Dit sluit brand- en waterskade asook diefstal in.
- 3.3 Slegs enkelpuntmuurproppe of multi-punt-passtukke met SABS-goedgekeurde uitsnyskakelaars mag in 15-ampère-muurproppe gebruik word. Alle ander kragverspreidingsmiddele, soos dubbelpunt-muurproppe en tydelike bedrading, is streng verbode. Slegs een toestel, met behoorlike drievoudige bedrading, mag per paspunt op 'n multi-punt-passtukke ingeprop wees.
- 3.4 Inwoners mag met geen skakelborde, uitsnyskakelaars of permanente elektriese bedrading peuter nie.
- 3.5 Geen toerusting wat 'n brand- of ander gevaar mag stel, word in kamers toegelaat nie. Die Universiteit behou die reg voor om op sulke toerusting beslag te lê.
- 3.6 Brandblussers is op voorafbepaalde punte in koshuise aangebring en mag slegs in geval van 'n brand daarvandaan verwyder word.
- 3.7 Inwoners mag in geen omstandighede met noodtoerusting soos brandblussers, brandslange en die inhoud van noodhulpkissies peuter of dit wangebruik nie. Oortredings van hierdie aard is met onmiddellike skorsing strafbaar.
- 3.8 Dit is streng verbode om gange en deurgange op enige manier te blokkeer, byvoorbeeld met fietse of motorfietse.
- 3.9 Geen afvalpapier, karton of enige ander ontlambare materiaal mag in enige vertrek in 'n koshuis opgegaan word nie. (Daar is aangewese plekke by koshuise waar hierdie soort materiaal vir doeleindes van herwinning opgegaan kan word.)
- 3.10 Inwoners mag in geen omstandighede self instandhoudingswerk verrig nie. Dit sluit verfwerk aan mure in.
- 3.11 Om veiligheidsredes moet koshuisinwoners al hulle besittings uit hulle kamers verwyder en alle kasdeure oop laat voordat hulle vir die jaareindvakansie vertrek, of vir enige ander vakansie waartydens die Universiteit die kamers mag benodig. Waar dit prakties uitvoerbaar is (buiten gedurende die Desember/Januarie-vakansie) sal die inwonende hoof, na beraadslaging met die huiskomitee, 'n geskikte vertrek toewys waar inwoners hulle besittings mag stoor. Slegs items behoorlik verpak en gemerk is, sal daar gestoor word. Enige stoorruimte by die fasiliteit sal onder die toesig en beheer van die huiskomitee wees.
- 3.12 Inwoners ontvang aan die begin van die jaar 'n pryslys vir sekere kategorieë skade.
- 3.13 Strukturele skade aan meubels of ander US-eiendom is in alle omstandighede verbode.

#### **4. Prosedures en reëls oor kamers en meubels**

- 4.1 Voornemende inwoners se kamer sal saam met hulle besigtig word, waarop die student 'n "inventaris" moet onderteken wat die toestand van die kamer bevestig. Die Koördineerder: Koshuisdienste sal die kamer weer inspekteer nadat die student dit ontruim het, of gedurende ooreengekome ad hoc-inspeksies. Indien dit in enige opsig van die inventarisvorm verskil, sal die skade op die student se rekening verhaal word. Inspeksies kan ook op ander tye as aan die einde van die jaar uitgevoer word.
- 4.2 Slegs een yskas (van hoogstens 150 liter) word per kamer toegelaat.
- 4.3 Enige items soos verkeerstekens, inligtingsborde, winkeltrollies, blombakke en vullisdromme wat nie koshuiseiendom is nie, en dus ook nie aan die US behoort nie, is streng verbode oral

in die koshuis en op die perseel daarrondom, ongeag of hierdie items gebruik word of gekoop, verruil of geskenk is.

- 4.4 Geen meubels, toerusting of gordyne mag uit 'n kamer of enige ander plek in die koshuis verwyder word sonder die koshuishoof en die Koördineerder: Koshuisdienste se skriftelike toestemming nie. Die betrokke student moet sodanige toestemming skriftelik aanvra. Studente wat toestemming gekry het om gordyne te verwyder moet dan hulle eie gordyne ophang. Studente is daarvoor verantwoordelik om hulle kamer na die oorspronklike toestand te herstel voordat hulle dit ontruim.
- 4.5 Alle kamers moet toeganklik gemaak word dat gemagtigde koshuispersoneel dit van tyd tot tyd kan inspekteer.
- 4.6 Inwoners moet aan skoonmaakpersoneel toegang tot hulle kamer gee sodat hulle daar kan skoonmaak soos en wanneer versoek.

## **5. Prosedures en reëls rakende huisvesting gedurende vakansies**

Inwoners wat gedurende vakansies op Stellenbosch bly en wat verplig word om hulle kamers ingevolge die prosedure rakende die ontruiming van koshuise vir sekere vakansies te ontruim, mag aansoek doen om verblyf in die koshuis(s) wat die Universiteit vir daardie doel beskikbaar stel. Die Universiteit sal van tyd tot tyd die koste asook enige ander spesifieke voorwaardes rakende sulke verblyf bepaal, en diegene wat daarvan gebruik maak, moet dit betaal en nakom.

## **6. Prosedures en reëls oor wasgoed en beddegoed**

- 6.1 Inwoners moet hulle eie beddegoed (bv. duvets, duvet-oortreksels, lakens, kussingslope en komberse) en handdoeke verskaf. Inwoners word ook aangeraai om 'n matrasbeskermer saam te bring.
- 6.2 Wasmasjiene en tuimeldroërs wat met 'n betaalstelsel werk, is beskikbaar vir studente wat self hulle wasgoed wil doen. Studente ontvang 'n kwota waaruit hierdie dienste betaal word en wat teen hulle studenterekening gehef word. **Let wel:** Nadat fondse na die studentekaart oorgedra is, werk dit soortgelyk aan 'n kontantonttrekking; geld wat nie bestee is nie, word dus nie terugbetaal nie.
- 6.3 Studente moet die teenwoordigheid van peste soos bedluise onmiddellik by die Koördineerder: Koshuisdienste aanmeld, en moet bereid en beskikbaar wees om die kamer te ontruim totdat die nodige plaagbeheermaatreëls verrig is. Die betrokke studente moet ook al hulle eie beddegoed en klere was en skoonmaak as 'n voorkomende maatreël.

## **7. Prosedures en reëls oor maaltye en voedselvoorbereiding**

- 7.1 Waar toepaslik sal voorbereide maaltye gedurende die akademiese kwartaal beskikbaar wees op die voorwaardes soos die Universiteit van tyd tot tyd sal bepaal.
- 7.2 Warmplate, elektriese braaipanne en soortgelyke apparate met oop elektriese elemente wat as 'n brandgevaar beskou kan word, mag nie in koshuiskamers gebruik word nie, maar slegs in areas wat deur die Afdeling Risikobestuur goedgekeur is.
- 7.3 Mikrogolfoonde kan ooreenkomstig goedgekeurde voorwaardes in kamers gebruik word.
- 7.4 **Geen kos mag in kamers of op stoepe of balkonne voorberei word nie.**
- 7.5 Maaltye sal verskaf word slegs aan studente wat minstens een dag vooruit 'n maaltyd op die aanlyn stelsel via die studenteportaal (mymaties.ac.za) bespreek het. Studente wat versuim het om te bespreek, mag 'n maaltyd kry indien hulle dubbel die tarief betaal en indien daar

kos oor is nadat die betrokke etenstyd verstryk het.

- 7.6 Alle inwoners moet, wanneer hulle aan die begin van die jaar registreer, 'n maaltydkwota volgens hulle eie behoeftes uitkies. Nie-inwonende studente mag ook vir maaltye by 'n koshuis registreer ooreenkomstig die voorwaardes wat die Universiteit van tyd tot tyd mag stel. Byvoorbeeld, PSO-studente in 'n sekere kluster mag maaltye bespreek by die eetsale van die koshuise in daardie kluster wat vir PSO-studente toeganklik is.
- 7.7 Partytjies en spesiale geleenthede mag gehou word slegs as die aansoeker self daarvoor betaal. Raadpleeg asseblief die koshuisreëls, wat ook vir ander soort huisvesting geld. Die koshuishoof sal in beheer wees.
- 7.8 Alkoholbevattende drank word in koshuise toegelaat slegs ooreenkomstig die bepalings wat in die koshuisreëls vervat is en van tyd tot tyd aangepas mag word.
- 7.9 Etenstye word deur die inwonende hoof bepaal in samewerking met SunCom en die diensverskaffer.
- 7.10 Studente wie se kos volgens halaal-reëls voorberei moet word, kan by SunCom se kantoor om toegang tot sulke maaltydfasiliteite aansoek doen ([bjmalan@sun.ac.za](mailto:bjmalan@sun.ac.za) of [lab@sun.ac.za](mailto:lab@sun.ac.za)).
- 7.11 Koshuiskombuise is vir die aangewese maaltydverskaffer se eksklusiewe gebruik.
- 7.12 Alle gebruik buiten om in die eetsaal te eet sal toegelaat word slegs as dit nie 'n nadelige uitwerking op maaltyddienste en die funksionering daarvan het nie. Geen ander eksterne maaltydkontraakteur of -verskaffer mag enige deel van die voorbereidings- of bedieningsarea in die kombuis of die eetsaal gebruik om maaltye te verskaf nie.

## **8. Prosedures en reëls oor gedrag**

- 8.1 Studente moet te alle tye aan die Dissiplinêre Kode vir Studente aan die US voldoen (raadpleeg Deel 1 van die *Jaarboek*). Alle moontlik beledigende gedrag moet vermy en die koshuis- en ander huisreëls deurgaans nagekom word.
- 8.2 Met die oog daarop om beskikbare kamers te beset en vir omstandighede soos ekonomiese oorwegings en werklike inskrywingsgetalle te voorsien, behou die Universiteit die reg voor om enige bepalings, prosedures of reëls te wysig, af te skaf of by te voeg. (Lees ook Hoofstuk 1 en 2 van die Reëls vir Universiteitstudente).

## **9. Bouwerk en instandhouding**

- 9.1 Studente erken en aanvaar dat die Universiteit van tyd tot tyd bestaande strukture in en rondom koshuise sal opgradeer en nodige instandhoudingswerk sal verrig wat 'n nadelige invloed op hulle lewensomstandighede mag hê, en soms selfs mag verg dat hulle tydelik na ander fasiliteite sal moet verskuif.
- 9.2 Die Universiteit kan op geen stadium die ononderbroke verskaffing van water, warm water, elektrisiteit of netwerkverbinding waarborg nie.
- 9.3 Die nodige maatreëls sal wel getref word om ongerief sover moontlik te beperk.

Opedateer: Oktober 2021